GRONDWET VAN DIE SPORTONDERSTEUNERSKLUB VAN DIE HOËRSKOOL BRACKENFELL

1. NAAM.

1.1 Die naam is die SPORTONDERSTEUNERSKLUB van die Hoërskool Brackenfell - hierna genoem die SOK.

2. DOELSTELLINGS.

2.1 Om alle sportaktiwiteite van die Hoërskool Brackenfell te ondersteun en to bevorder en geriewe vir die bevordering van sport daar te stel.

2.2 Om 'n gesonde gees onder sportondersteuners te bevorder.

2.3 Om funksies te reel, fondsinsamelings te organiseer en donasies te ontvang.

2.4 Om fondse vir die doel te administreer, te belê en aan te wend.

2.5 Om bates ter bevordering van die doel te bekom, te verkoop, te huur, te verhuur en beheer daaroor uit te oefen.

2.6 Om geld te leen en bates wat vry besit word, vir die doel , te verbind.

2.7 Om behalwe vir normale kooptransaksies of betalinq van normale dienste of rente, geen voordeel, geld of goedere aan enige persoon, lid of bestuurslid te gee nie.

2.8 Om toe te sien dat geen persoon vir eie gewin enige alkoholiese drank onder die SOK se naam verkoop nie. Die SOK sal slegs aan lede, personeel en genooide gaste alkoholiese drank verkoop.

2.9 Om met die beeindiging van die SOK alle bates, na betaling van enige laste aan die Hoërskool Brackenfell oor te dra.

2.10 Die SOK tree onafhanklik van sy lede op. Sy bates, laste en winste is sy eiendom. Hy sal sy eie gedinge voer. Niemand mag namens die SOK enige handeling of transaksie uitvoer of sluit as hy nie spesifiek deur die ledevergadering of Bestuursvergadering daartoe gemagtig is nie.

2.11 Die SOK sal alleenlik ontbind as die lede tot minder as twintig daal en die Bestuur daartoe besluit.

3. LEDE.

3.1 Enige persoon wat deur `n lid genomineer word, ouer, voormalige ouer of oudleerling van die Hoërskool Brackenfell mag met die Bestuur se toestemming en na betaling van sy/haar toetree- en ledegeld lid van die SOK word.

3.2 Die Bestuur mag onder spesiale omstandighede erelede toelaat.

3.3 Lidmaatskap verval indien 'n lid se ledegeld teen 31 Maart nog nie betaal is nie, of wanneer die Bestuur 'n betrokke lid se lidmaatskap opsê.

4. MAGTE VAN LEDE

4.1 Om funksies deur die SOK gereel by te woon.

4.2 Om sportaktiwiteite deur die skool gereel by te woon.

4.3 Om op 'n algemene jaarvergadering wat voor die einde van April van elke jaar gehou moet word by te woon. Elke lid kan een stem uitbring oor elk van die volgende sake:

(a) Oorweging van die jaarverslag en finansiele state.

(b) Verkiesing van Bestuurslede.

(c) Bekragtiging van hersiene ledegeld.

(d) Aanstelling en vergoeding van ouditeur.

4.4 Twintig lede het die reg om 'n ledevergadering aan te vra en die Bestuur moet aan so 'n skriftelike versoek voldoen.

4.5 Met 'n ledevergadering, AJV en spesiaal, moet die volgende geld :

(a) Kennisgewing van sodanige vergaderings moet ten minste veertien dae wees.
(b) `n Kworum vir sodanige vergaderings is twintig lede.
(c) Om besluite, soos maar nie beperk tot,wysiging aan die grondwet en ontheffing van `n bestuurslid, met `n 75% meerderheid, te bekragtig.

5. PLIGTE VAN LEDE

5.1 Om hul ledegeld to betaal.

5.2 Alle lede is met' aanvaarding van lidmaatskap tot die voorskrifte van die grondwet verbind.

6. BESTUUR

6.1 Die Bestuur sal uit voldoende lede bestaan om funksioneel op te tree.

6.2 Dienende Bestuurslede is herkiesbaar.

6.3 Die Bestuur sal op die eerste bestuursvergadering, wat volg op die AJV 'n voorsitter uit eie geledere verkies. Die voorsitter is geregtig op 'n beslissende stem.

6.4 Die Bestuur wys 'n ondervoorsitter, sekretaris, tesourier en addisionele lede aan.

6.5 Die Bestuur het die reg om in geval van vakatures wat gedurende die jaar ontstaan, lede te koopteer.

7. MAGTE EN PLIGTE VAN DIE BESTUUR.

7.1 Die Bestuur bewaar, beskerm en bestuur, as 'n eenheid, die bates van die SOK.

7.2 Die Bestuur beskik as 'n eenheid oor die mag om alle bevoegdhede soos in die doelstellings genoem, uit te voer.

7.3 Die Bestuur mag enige persoon magtig om 'n spesifieke handeling namens die SOK uit te voer.

7.4 Notule moet van alle vergaderings van die Bestuur gehou word. Alle besluite, magtigings en opdragte moet genotuleer word.

7.5 'n Lederegister van lede moet bygehou word.

7.6 Die Bestuur moet boekhou van alle borgskappe, ontvangstes, betalings, bates en skulde.

7.8 Die Bestuur moet die boeke deur die ouditeur laat oudit en 'n balansstaat en inkomstestaat aan die AJV voorlê. Die ouditeur mag 'n lid, maar nie 'n Bestuurslid, wees nie.

7.9 Die Bestuur mag 'n lid wie se gedrag, volgens die Bestuur se oordeel, die SOK tot nadeel strek, skors of sy lidmaatskap beëindig. So 'n lid het die reg om sy saak voor die Bestuur te stel, mag 'n getuie roep, maar het nie die reg om 'n regsverteenwoordiger aan te stel nie.

8. BEKRAGTIGING

8.1 Hierdie gewysigde grondwet is van krag na ondertekening deur die Voorsitter van die SOK soos gevolmag op die AJV gehou op 26 Januarie 2006.

Geteken te Brackenfell op hierdie 26 dag van JANUARIE 2006